Verbruikersvasvat

Ek kan kla in my taal!

ONDER REDAKSIE VAN LINETTE RETIEF verbruikers@rapport.co.za faks: 011 713 9667

PLUIMPIES

Me. Charmaine Smith van Centurion is baie beïndruk deur mnr. Jan de Beer, bedryfsbestuurder by Hi-Tech-sekuriteit in Witrivieren Hazyview.

Sy skryf:

"Terwyl ek siek was van bekommernis oor my bejaarde vader in wie se huis daar drie keer ná mekaar ingebreek is, het my pad met De Beer gekruis.

"Hy het geen moeite ontsien nie. Ekstra alarmwerk is spoedig aan my pa se huis aangebring, ekstra patrollies gereël en Hi-Tech se manne het my pa daagliks besoek.

"Tydig en ontydig het ek hom geskakel en elke keer as ek sy gerusstellende stem hoor, het my dankbaarheid geen einde geken nie."

➔ Ek is eweneens vol lof vir me. Linda Margoulis en haar span by Jack's Paint in Blackheath in Johannesburg.

Ek het die dag ná Kersfees met 'n seer hart 'n ysterwarewinkel gesoek en in die hele Beyers Naudé-rylaan was slegs Jack's Paint & Hardware oop.

Daar aangekom het mnr. Edward Phiri, Earthcote-bestuurder, my vriendelik en deskundig bedien en nog voordat Margoulis dit aan my genoem het, kon ek bespeur dat dit 'n vrouevriendelike omgewing is.

Nog 'n aangename verrassing was die pryse – my inkopies was verrassend bekostigbaar. En om alles te kroon het die kinders wat saamgeslenter het vir die uitstappie elkeen 'n gelukspakkie gekry.

Jack's Paint, Linda Margoulis en Edward Phiri sien my beslis weer!

Die slegstes van die slegte

Verlede jaar hierdie tyd was Verbruikersvasvat nog net 'n glinstering in *Rapport* se oog, maar die afgelope tien maande het dit as't ware in 'n melkwegstelsel ontaard – met alles van blink sterre tot verbruikersgate en diensmeteoriete.

Met 2011 agter die rug en 2012 vars by die voordeur gee ek 'n paar van die hoogte- en laagtepunte en ek deel 'n paar (denkbeeldige) pryse uit. Kom ons begin by die slegte nuus (van daar kan dit immers net boontoe...)

Die Gulde Geleentheid se Gattrofee vir die Teleurstelling van die Jaar

Dié twyfelagtige eer gaan aan die Nasionale Verbruikerskommissie onder die onsigbare leiding van komm. Mamodupi Mohlala ('n sterk aanspraakmaker vir die Drie Apies-wisseltrofee.)

Die Drie Apies-wisseltrofee vir die Diensverskaffer wat Verbruikersprobleme die Langste kan Mishoor, Miskyk en Mistas

Te midde van strawwe mededinging was die wenner uiteindelik die Educor-groep, insluitende Damelin en Intec College, weens hul standvastige verontagsaming van klagtes, veral wanneer dit kom by terugbetalings en die tydige lewering van studiemateriaal.

Die Ek Ruik 'n Rot-erepenning

Ek gee met 'n lied in my hart hierdie spesiale munt aan African Bank weens die verbeeldingryke manier waarop hy rentekoerse bereken.

Die Jy's Seker Nie Ernstig Nie-gedenknaald vir Skokkende Diens

➔ Bluerose Clothing weens sy swak hantering van me. Carin Maas se versoek om klere te ruil wat sy by Bluerose se stalletjie op die Aardklop-kunstefees in Potchefstroom gekoop het. Terwyl dit Bluerose se reg is om te sê hy gee nie geld terug nie, het sy arrogante houding boekdele gespreek;

➔ Rocksolid Steelhouses weens sy swak hantering van mnr. Cobus Geyer se bestelling – en die uiteindelike substandaard-produk wat gelewer is;

➔ Van melkwegstelsels gepraat, ek is nie heeltemal seker nie of mnr. Johann Maree, besturende direkteur van Temp Tattoos, van hierdie planeet is as ek kyk na die rits vals beloftes en patetiese verskonings waarmee hy vorendag gekom het in die hantering van me. Zelda Terblanche se klagte; en

➔ Mnr. John en me. Marlene Foster vir die blatante miskenning van die nagmerrie-ervaring wat me. Elmarie Visagie en mnr. Kees Snijders en hul gesinne een naweek by die Fosters se Napier Horse Trails-kamp gehad het; een van die laagtepunte die rot wat voor by me. Foster se baadjie uitgehang het terwyl sy slaai gemaak het.

Ten minste is hulle besig om saam met die DBV se perde-eenheid te werk nadat ek namens Visagie 'n klag van perdemishandeling ingedien het.

Die Boemerangbeker vir Ondernemings wat Terugbons ná Verbruikersvasvat-kritiek

Om foute te maak is menslik. Wat die korrels van die kaf skei, is die manier waarop kritiek hanteer word en hier wil ek 'n spesiale woord van dank rig aan die volgende mense wat my gekontak het ná negatiewe publisiteit en sedertdien uit hul pad gaan om lesersklagtes op te los en bemagtigende inligting te verskaf:

➔ Me. Nikiwe Mphomela, korporatiewe kommunikasiebestuurder van die prokureursfirma Munnik Basson Dagama; en

➔ Mnr. Antony Shiell, nasionale naverkoopbestuurder van Kia Suid-Afrika.

Ag Nee, Sies!, oftewel die Vermy Soos die Runderpes-sertifikaat vir Onwelriekende Diensprestasie

(Dit word vergesel van 'n gratis Drie Apiesprys.)

➔ KFD Kitchens, wat soos mis voor die son verdwyn het nadat me. Rina Winter R4 000 betaal het om nuwe kombuiskassies te laat installeer;

➔ Mnr. Japie Pretorius, wat al sedert November 2010 die Blignaut-egpaar, twee pensioentrekkers van Pretoria, meer as R7 000 skuld nadat hy hulle aanvanklik R10 000 gevra het vir herstelwerk aan hul tweedehandse Renault Clio wat uiteindelik R2 114 gekos het;

➔ Mnr. Joel Singh van 8 Fleet Services wat steeds nie aan me. Joan Russell die R3 900 deposito terugbetaal het wat hy haar reeds langer as 'n jaar skuld nie.

Toe ek hom onlangs die soveelste keer daaraan herinner en hom wys op al die soortgelyke klagtes op hellopeter. com, laat weet hy ewe parmantig ek moet kyk na die "verskaffers se antwoord".

Al wat dit sê, is dat hulle besig is om die saak te ondersoek.

Omtrent so geloofwaardig soos "die tjek is in die pos";

➔ Mnr. Alex Erasmus van Tzaneen Fibre wat blatant en botweg weier om gehoor te gee aan me. Melanie Costa se versoeke – en myne – om die skokkende werk wat hy aan haar randstene gedoen het te herstel; en

➔ Die algehele wenner, wat wegstap met die spesiale, koos-vormige **Laer as Kreefekskresie-trofee vir 2011** is:

SA Roadlink

In 'n poging om sy "doodskis op wiele"-"koop een; sterf gratis"-reputasie die nek in te slaan, borg SA Roadlink toe nou wrintie Arrive Alive – net om in die feestyd 'n bus vol passasiers 'n nagmerrierit te besorg met ruitveërs wat 'n hele nag lank buite werking was. Verder het hy ook ná baie maande en nog meer skrywes, onder meer van 'n prokureur, met 'n belaglike formulebrief op mnr. Leslie Watson se klagte gereageer. Ek wil my verstout om te sê ek sluit eerder by my voormoeders aan en loop kaalvoet oor die Drakensberg as om op een van dié diens se busse te klim.

Nou ja, dis genoeg gal gebraak.

Volgende week kyk ons na die mense wat gereeld die silwerrandjie om die verbruikerswolk vorm en taks om taks ook sommer die son laat deurbreek.

Moet dit nie misloop nie!

Verbruikersvasvat laat die aap uit die mou

| GRAFIEK: GRAFIKA24